SAKE 24 (Rapport)
29 Jul 2012, p.8

# Laat jou eie wil geld, nie die wet

## Proses ook vinniger klaar



**RAAD MET JOU RANDE**

NICO VAN GIJSEN

'n Leser uit Danabaai het vrae oor 'n testament en bemakings ná sy dood. Ek bekyk elkeen.

Hy en sy vrou is binne gemeenskap van goed getroud en albei is 74 jaar oud. Sy eerste vraag is: "Moet ek 'n testament hê?"

Dit is nie 'n moet nie, maar beslis verkieslik. As jy 'n testament het, kan jy bepaal wat ná jou dood met jou goed, in jou geval die helfte van die gemeenskaplike bates, gebeur.

As jy nié 'n testament het nie, bepaal die Wet op Intestate Erfreg (Wet 81 van 1987) hoe jou goed verdeel sal word. Kortliks behels dit dat jou vrou die eerste R125 000 kry en die res gelykop verdeel word tussen jou vrou en jul kinders.

Omdat julle binne gemeenskap van goed getroud is, sal nét jou helfte (as jy eerste sterf) intestaat vererf, wat beteken jou vrou het 'n reg op haar helfte; jou helfte vererf dan soos ek hier verduidelik het.

"Ons het nie baie bates nie, net 'n goeie pensioen en mediese fonds en enkele polisse. Ons het gratis huisvesting. In die geval van een van ons se dood wil ons hê dat die ander een alles erf."

Die pensioen- en mediese fonds se reëls sal bepaal wat gebeur as jy (byvoorbeeld) eerste sou sterf. Gewoonlik kry die oorlewende gade dan 'n pensioen gelyk aan die helfte van wat jy nou kry. Gaan kyk maar na die reëls.

Die mediese fonds sal bly voortbestaan solank as wat die premies betaal word.

Die polisse sal uitbetaal word aan wie dit begunstig is. As dit aan jou boedel uitbetaal, kan jou vrou dit op daardie manier erf. Dit is gewoonlik 'n goeie idee om polisse, of minstens genoeg polisse, aan die boedel te laat uitbetaal om 'n moontlike tekort aan kontant in die boedel te vermy.

Uit jou brief lei ek af dit maak nie werklik saak nie. Maak net seker dat die polis óf aan jou vrou óf aan jou boedel betaalbaar is en nie aan iemand anders van wie jy dalk deur die jare vergeet het nie.

"Indien 'n testament nodig is, moet dit deur 'n bank of prokureur opgestel word?"

Ek stel voor jy stel wel 'n testament op – dit vergemaklik en versnel die afhandeling van die boedel en, soos genoem, verseker dit dat jul bates vererf soos julle wil hê en nie soos wat die wet voorskryf nie.

Prokureurs het elke jaar 'n veldtog om gratis testamente op te stel en ek meen daar is binnekort weer een. Vra andersins maar een om dit te doen – dalk doen hy dit gratis op grond van jou ouderdom.

'n Kleinerige en eenvoudige boedel sal waarskynlik nie duur en omslagtig wees om af te handel nie.

As die boedel by afsterwe minder as R125 000 beloop, kan die meester van die hof ingevolge art. 18(3) van die Boedeladministrasiewet (Wet 66 van 1965) afsien van die aanstelling van 'n eksekuteur en 'n meestersverteenwoordiger aanstel, wat 'n vriend of familielid kan wees.

▸ *Nico van Gijsen CFP® is die besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of e-pos nico@finlac.com.*